# HOËRSKOOL OOS-MOOT

## TENDER VIR DIE VERSKAFFING VAN VEILIGHEIDS- EN SEKURITEITSDIENSTE

**TENDER VIR VEILIGHEIDS- EN SEKURITEITSDIENSTE BY HOËRSKOOL OOS-MOOT**

## 1. KENNISGEWING AAN DIENSVERSKAFFERS

Diensverskaffers word hiermee uitgenooi om 'n tender in te dien vir die veiligheids- en sekuriteitsdienste by Hoërskool Oos-Moot. Ons vereis 'n gladde oorgang na 'n nuwe tender, met ingang vanaf 1 Februarie 2025.

## 2. TENDER

2.1 Kontrakperiode
1 Februarie 2025 tot 30 Junie 2027.

2.2 Tender sluitingsdatum
17 Januarie 2025 om 14:00.

2.3 Terreinbesigtiging
Terreinbesigtiging kan gereël word deur ‘n e-pos na geboue@oos-moot.co.za te stuur.

2.4 Indiening van tender

- Hoërskool Oos-Moot, 1120 Haarhoff Street, Villieria, Pretoria.
- Tenderhouer sal in die skool se ontvangsarea beskikbaar wees.
- Tenders kan op weeksdae tussen 07:00 en 14:00 ontvang word (behalwe vir skoolvakansies).

2.5 Dokumente wat by die tender ingesluit moet wees:

- Maatskappybriefhoof
- Maatskappyprofiel
- Bewys van bankbesonderhede
- Bewys van adres
- Gedetailleerde bepalings en voorwaardes
- Verwysings van vorige kliënte
- Prystruktuur en kwotasie
- Enige ander addisionele dokumente wat vereis word

2.6 Evaluering en toekenning
The tender sal deur ‘n paneel van die skoolbeheerliggaam van Hoërskool Oos-Moot geëvalueer word.

2.7 Tenderaansoeke (koeverte) sal na die sluitingsdatum geopen word.

2.8 Tenders sal as volledig beskou word en toekenning sal slegs gebaseer wees op die inligting wat ingedien is.

2.9 Evalueringskriteria
Tenders sal op grond van die volgende beoordeel word:

| Kriteria | Punt toekenning |
|---|---|
| 1. Nakoming van tender indieningsvereistes. | 5 |
| 2. Ervaring in die verskaffing van soortgelyke dienste aan skole en organisasies. | 25 |
| 3. Bewese vermoë om die verlangde diens te lewer. | 25 |
| 4. Prysstruktuur en bekostigbaarheid. | 10 |
| 5. Betroubaarheid. | 30 |
| 6. Verwysigings van vorige en/of huidige kliënte. | 5 |
| **TOTAAL** | **100** |

2.10 Laat indienings sal nie oorweeg word nie.

2.11 Die skoolbeheerliggaam van Hoërskool Oos-Moot behou die reg voor om enige tender te aanvaar of te verwerp, sonder om redes te verskaf.

2.12 Geen e-posaansoeke sal oorweeg word nie.

3. VEREISTES

3.1 Toesigstelsel

Die installering van bewegingsensorkameras word vereis by beide die skool en sportterrein (ongeveer 20–25 kameras). Hierdie kameras moet onafhanklik van die skool se stelsel bedryf word.

3.2 Beheerkamer & Gewapende Reaksie

- 'n Beheerkamer met reaksievermoëns vir enige voorvalle of noodgevalle.
- Kostes vir die reaksiedienste (in die geval waar ‘n reaksie eenheid moet uitgaan na die terrein) moet duidelik uiteengesit word.

3.3 Terreinbesoek en Risiko-analise

Die maatskappy kan 'n terreinbesoek reël om 'n risiko-analise uit te voer. Enige relevante voorstelle gebaseer op hierdie assessering moet in die tendervoorlegging ingesluit word.

3.4 Ekstra wagte vir spesiale funksies

Die tender moet uurlikse tariewe insluit vir bykomende sekuriteitspersoneel wat benodig word vir spesiale funksies wat regdeur die skoolkalender mag voorkom.

3.5 Veiligheidswagte

Daar moet aan die volgende vereistes ten opsigte van die wagte voldoen word:

- Huidige wagte
  Dit is noodsaaklik dat die maatskappy aan wie die tender toegeken word, twee huidige skoolsekuriteitswagte absorbeer.
  - Wag 1: Slegs nagskof, uitsluitlik aan die skoolterrein gewy.
  - Wag 2: Dagskof, van Maandag tot Vrydag, 06:00 tot 14:00.

  Daar sal van die maatskappy verwag word om salarisgesprekke te voer om te verseker dat beide wagte op dieselfde salarisskaal bly as wat tans by die skool aangebied word.

- Skoolterreindekking
  - Twee wagte word van Maandag tot Vrydag tussen 06:00 en 14:00 op die skoolterrein vereis.
  - Een van hierdie wagte sal dan van 14:00 tot 18:00 na die sportterrein oorgeplaas word.

- Nagskof
  Een wag sal voldoende wees vir die nagskof, ondersteun deur die beweging-sensorkameras, *offsite* beheerkamer, en reaksiespan wanneer nodig.

- Naweke
  Slegs een wag word oor naweke benodig, behalwe vir spesiale- of sportfunksies wat gedurende die naweke mag plaasvind.

**4. TENDERDOKUMENTE EN VORM**

Aangeheg as bladsye 4 en 5 van hierdie dokument.

TENDER INDIENINGSDOKUMENT / VORM

HOËRSKOOL OOS-MOOT
Tender vir die verskaffing van veiligheid en sekuriteitsdienste
**Tenderverwysing: HOSM-SEKURITEIT/2025**

**DEEL A: MAATSKAPPY INLIGTING**
Vul asseblief die onderstaande besonderhede in:

1. Naam van maatskappy: ______________________________

2. Handelsnaam (indien van toepassing): ______________________________

3. Besigheidsregistrasienommer: ______________________________

4. BTW registrasienommer: ______________________________

6. Kontakpersoon: ______________________________
   - Titel/Posisie: ______________________________
   - Telefoonnommer: ______________________________
   - E-posadres: ______________________________

7. Fisiese adres : ______________________________
______________________________
______________________________
______________________________

8. Posadres:
______________________________
______________________________
______________________________

**DEEL B: NAKOMINGSLYS**
Bevestig nakoming van die spesifikasies soos uiteengesit in die tenderkennisgewing. Voeg ondersteunende dokumente of voorstelle by.

| **Dokumente** | **Aangeheg Ja / Nee** | **Kommentaar** |
|---|---|---|
| Maatskappy briefhoof | | |
| Maatskappy profiel | | |
| Bewys van bankbesonderhede | | |
| Bewys van adres | | |
| Gedetailleerde bepalings en voorwaardes | | |
| Verwysings van vorige huidige en/of vorige kliënte | | |
| Prysstruktuur en kwotasie | | |
| Addisionele dokumente | | |

**DEEL C:  TENDERVOORSTEL BESONDERHEDE**
Verskaf gedetailleerde antwoorde op die volgende:

1. Nakoming van vereistes
   Bevestig nakoming van die spesifikasies soos uiteengesit in die tenderkennisgewing.  Voeg ondersteunende dokumente of voorstelle by.

2. Verwysings
   Lys ten minste drie (3) verwysings van vorige of huidige kliverwysings van vorige of huidige kliënte. Sluit kontakbesonderhede en projekbeskrywings in.

3. Prysstruktuur
   Verskaf ‘n gedetailleerde kwotasie.

**DEEL D:  VERKLARING VAN DIE INDIENER**
Ek, die ondergetekende, bevestig hiermee dat die inligting verskaf in hierdie tenderdokument na my beste wete waar en korrek is.  Ek bevestig verder dat ons maatskappy instem om die bepalings en voorwaardes, soos uiteengesit in die tenderkennisgewing, na te kom.

Naam  : ______________________________________________________________
Posisie: ______________________________________________________________
Handtekening: __________________________________________________________
Datum: ______________________________________________________________

<u>Indieningsinstruksies</u>
Lewer asseblief die voltooide tenderdokument, tesame met alle vereiste byvoegings, in ‘n verseëlde koevert in.

a) Merk dit duidelik met die tenderversysingsnommer:  *HOSM-SEKURITEIT/2025*.
b) Plek van indiening : Hoërskool Oos-Moot, Haarhoffstraat 1120, Villieria, Pretoria, 0186 in tenderhouer.
c) Indientye : Tussen 07:00 en 14:00 (behalwe vir skoolvakansies).
d) Sluitingsdatum : 17 Januarie 2025, 14:00.
e) Laat indienings sal nie aanvaar word nie.
f) Die skoolbeheerliggaam van Hoërskool Oos-Moot behou die reg voor om die tender te aanvaar of te verwerp sonder om redes te verskaf.

Navrae kan gerig word aan Mr F Parker (f.parker@oos-moot.co.za).